

## Gereformeerde Kerk Bellville – 23 Oktober 2016 – Aand

**Sing vooraf staande:** Psalm 30:3, 4 (p. 138)

- 3 Sing nou, Gods gunsgenote, bly, / 'n danklied aan die HEER gewy.  
Spreek lof, bring in gedagtenis / sy Naam wat hoog en heilig is!  
Al laat Hy ons 'n oomblik bewe, / sy goedheid duur ons ganse lewe.
- 4 Die droefheid wat ons hart verskeur, / – wanneer ons saans mistroostig treur  
en uitbreek in ons jammerklag – / sal, soos die pelgrim, net vernag;  
want nouliks blink die môreglore / of jubelsange word gebore.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 96:1, 5, 6 (p. 480)

- 1 Sing vir die HEER 'n nuwe lied! / Die aard' se verste perke/ moet jubel oor sy werke,  
en Hom die lof en hulde bied; / moet uitroep en verwag / sy heil van dag tot dag.
- 5 Gee aan sy Naam die hoogste eer. / Bring aan uit alle lande / sy tempelofferande;  
buig daar in heil'ge kleding neer! / Die aarde – al wat leef, / moet voor Hom skrik en beef.
- 6 Verkondig nou van mond tot mond: / oor al wat is, regeer Hy, / oor onreg triomfeer Hy –  
dus is die wêreld vas gegrond. / Die volkestryd beslis / Hy wat regverdig is.

Gebed

Psalm 51:3, 5 (p. 261)

- 3 Dis nie dié sonde<sup>en</sup> alleen wat roep om straf: / ek is in ongeregtheid gebore,  
en lê voor U in doemskuld gans verlore / al van die uur van my ontvang'nis af.  
U eis is waarheid in my binnest', HEER; / en ek is tot my wesensgrond toe skuldig!  
Daal af in my verborge diepte<sup>en</sup> leer / my daar u wysheid, diep en menigvuldig.
- 5 Verberg u oog, die vlammelig wat oor / my sonde brand en speur deur al my lede.  
Was weg, delg uit my ongeregthede, / herskep my hart wat wegding uit u spoor.  
Gee my opnuut, o HEER, 'n vaste gees, / dat ek nie só weer van u baan mag gly nie!  
Laat my voor U tog geen verstootling wees, / en neem u goeie Gees nie weg van my nie.

**Skriflesing:** Genesis 1:26-31; 2:15-17; 3:1-12; Efesiërs 2:1-10;  
Heidelbergse Kategismus, Sondag 4:9

**Kernvers:** Genesis 1:27; 3:10; Efesiërs 2:1-2

**En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.**  
(Genesis 1:27 AFR53)

**En hy antwoord: Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg.**  
(Genesis 3:10 AFR53)

**En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk.**  
(Efesiërs 2:1-2 AFR53)

## Heidelbergse Kategismus

**Vraag 9: Doen God die mens dan nie onreg aan as Hy in sy wet van hom eis wat hy tog nie kan doen nie?**

*Antwoord: Nee (a), want God het die mens so geskep dat hy dit kon doen (b). Maar die mens het homself en sy hele nageslag as gevolg van die aanhitsing van die duiwel (c) en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof.*

*(a) Efes 4:24. (b) Gen 3:13; 1 Tim 2:13, 14. (c) Gen 3:6; Rom 5:12.*

**Tema:** Paaie wat nie by die genade van God uitkom nie  
(1) Ons skuld

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons hoor gedurig dat ons vir ongelowiges van die Here moet vertel omdat die Here Jesus vir ons hierdie opdrag gegee het. Op grond van hierdie opdrag vra mense dan: Maar wat moet ek vir hulle vertel? Ek voel so dom en onbekwaam om vir mense van Jesus Christus te vertel. Dit is om hierdie rede dat ons die Heidelbergse Kategismus in hierdie reeks behandel met die oog op toerusting om so 'n evangelisasiegesprek te kan voer.

Die vraagsteller in ons Kategismus is iemand wat al so 'n bietjie van die Bybel weet, maar hy het nog nie die troos waarin die ware gelowige al lewe en waarin hy eendag gaan sterf nie. Met die woorde in Sondag 1 het ons vir die vraagsteller vertel dat daar net een pad of weg is om vry te kom van die toorn en oordeel van God en weer deur Hom in genade aangeneem te word. Hierdie weg is Jesus Christus.

Alhoewel die Here hierdie een volmaakte weg bekend maak, bly die mens maar eiewys en astant. Hy bly na ander paaie soek waarmee hy self van die toorn van God kan vry kom en weer in genade aangeneem word. Die mens wil self 'n pad soek en bewandel, want in homself is hy so trots dat hy dit nie kan verdra dat hy nie self iets mag doen nie. Die ware gelowige het reeds in die eerste antwoord gesê daar is nie 'n ander pad nie. Jesus Christus is enigste weg na die Vader toe. Hy sê dit self vir ons in die Woord:

**Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.** (Johannes 14:6 AFR53)

Die vraagsteller hou voet by stuk. Hy wil self iets doen. Maar toe hy vir die gelowige vra hoe hy weet dat hy 'n sondaar is, het die gelowige hom vertel van die eis van God se wet. Toe hy hoor dat God van hom eis dat hy God moet liefhê en sy naaste soos homself het hy gedink dat dit miskien 'n pad is wat hy self kan bewandel. Om lief te hê is mos nie so moeilik nie. Dus, op die pad van goeie werke kan hy miskien by die genade van God uitkom. Omdat hy gedink het dat goeie werke 'n moontlikheid is, vra hy vir die gelowige of hy aan hierdie eis van God kan voldoen.

In antwoord op hierdie vraag het hy sommer die teleurstelling op die gelowige se gesig gesien. Daar is nie 'n manier dat 'n mens God en jou naaste volmaak kan liefhê nie, want van nature is 'n mens geneig om te haat. Nou besef die vraagsteller dat hierdie pad van goeie werke dus buite die kwessie is.

Hardkoppig probeer hy 'n ander pad. Hy het homself mos nie geskep nie. God is die Skepper van mense. Miskien kan hy onskuldig pleit, want as hy van nature sondig is, is hy miskien so gemaak. As hy dan so gemaak is, kan hy mos nie skuld dra vir sy sondige natuur nie.

Die gelowige se antwoord was vir hierdie vraagsteller ontstellend. Hy moes vanuit die

Woord van die Here hoor dat God die mens nie so sleg en boos geskep het nie. Inteendeel, God het die mens volmaak geskep. Die mens was na die ewebeeld van God geskep. Die mens het self ongehoorsaam aan God geword en na die duiwel geluister. Dus kan die mens sy skuld vir sy sondigheid nie op God afskuif nie. Net hy alleen moet die skuld dra.

Die vraagsteller gee egter nie so maklik die stryd gewonne nie. In Sondag 4 probeer hy naartiglik nog drie ander paaie wat hy opmerk. Die eerste pad wat hy probeer is om te pleit dat die mens onbekwaam is om te doen wat die Here van hom eis. Hier is iets van 'n moeds-willigheid in sy vraag. Hy het so pas gehoor dat God die mens volmaak geskep het en nou wil hy op grond van onbekwaamheid sê dat die Here onregverdig is om nog steeds van

'n kreupel man te verwag om fier en regop te loop. Daarom vra hy: **Doen God die mens dan nie onreg aan as Hy in sy wet van hom eis wat hy tog nie kan doen nie?**

Broers, susters en kinders, wanneer 'n ongelowige met so 'n argument na jou toe kom, moet jy op jou hoede wees. Hy erken ten minste nou dat hy 'n sondaar is en nie in staat is om iets goed te doen nie – hy het dit in sy laaste vraag in Sondag 3 juis so bewoord. Hierdie vraag word dan nou gevra om te kyk of daar nie tog 'n manier is dat hy sy trots kan behou deur die Here van 'n onbillike praktyk te beskuldig nie.

Voordat ons verder gaan, moet ons net eers kyk wat die verskil is tussen onbekwaam en moedswillig. Wanneer ek 'n kontrakteur huur om my huis te bou, betaal ek hom die helfte van sy kwotasie vooruit sodat hy die materiaal kan aankoop. Dit was die ooreenkoms. As hy nou daardie geld vermors in dobbelary, was hy moedswillig. Hy kan nie sê dat hy onbekwaam gelaat is om die werk te doen nie. Daarom het die kliënt die volle reg om te eis dat die kontrakteur steeds sy kant van die ooreenkoms sal uitvoer.

Ons keer terug na ons vraagsteller se vraag: **Doen God die mens dan nie onreg aan as Hy in sy wet van hom eis wat hy tog nie kan doen nie?** Dit is nie vir die gelowige nodig om die Here te verdedig nie. Die Here doen dit self. Daarom neem ons die vraagsteller terug na die Woord toe. Luister hoe sê die Here Hy die mens geskep het:

**En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.** (Genesis 1:27 AFR53)

Dat die mens na die beeld en gelykenis van God geskep is, beteken nie dat die mens soos God lyk nie maar eerder dat die mens na God se beeld geskep is om Hom op die aarde te verteenwoordig. Dit is soos die ambassadeur van 'n land – hy verteenwoordig die land en sy mense in die vreemde land. Die begrip *beeld* veronderstel dan dat die mens 'n amp beklee; hy het 'n taak wat hy in diens van die Here op die aarde moet verrig.

Die Here verwoord hierdie amp en taak van die mens wanneer Hy sê dat die mens oor die diere, die voëls, visse en plante moet heers. Hulle moet oor die skepping regeer sodat alles die lof en die heerlijkheid van God die Skepper kan besing.

Op die aarde het die Here 'n tuin aangeplant waarin die mens kon lewe. Die Here het aan die mens die opdrag gegee om hierdie tuin te versorg en daarvoor te regeer. Omdat God die mens na sy beeld geskape het, moes hy dus hierdie opdrag van hom so uitvoer sodat elke skepsel God kon leer ken deur die mens, want die mens verteenwoordig mos vir God op aarde. Die Here het hierdie mens van Hom toegerus met volmaakte gawes – eienskappe van die Here self – sodat hy sy opdrag as beeld van God honderd persent kon uitvoer.

In die Skrif maak die Here vir ons duidelik wat hierdie gawes is waarmee Hy die mens toegerus het. Die Seun van God na hierdie wêreld gekom met die opdrag om die uitverkorenes wat die Vader aan Hom gegee het te kom verlos deur hulle skuld aan die kruis te betaal en sodoende die beeld van God in hulle te herskep. En dan lees ons in Kolossense 3:10 dat die mense wat verlos is deur Christus **vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper**. En in Efesiërs 4:24 word daar nog iets oor die nuwe mens gesê – die mens **wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid**.

Die gawes waarmee God sy mens toegerus het om beeld van God te wees, is dus kennis, geregtigheid en heiligheid. In sy amp as beeld van God moet die mens kennis, geregtigheid en heiligheid in al sy woorde en werke openbaar. Dit kom dus daarop neer dat die mens verstandelik toegerus was met ware en heilsame kennis van sy Skepper en van geestelike sake. In sy wil en hart was hy met geregtigheid toegerus, en sy hele gesindheid was suiwer. Hy was dus volkome heilig.

Omdat die mens met ware kennis toegerus is, was hy dus 'n ware profeet wat God met sy verstand reg geken het. Die mens het God so reg geken dat sy wil met God se wil ooreengestem het. Toegerus met ware geregtigheid was die mens 'n waardige onderkoning van die Koning. In volmaakte geregtigheid kon die mens oor die skepping regeer. En toegerus met ware heiligheid was die mens 'n volmaakte priester wat sy God gedien het met volmaakte liefde.

Die mens wat God dus geskep het was volmaak heilig, want God het hom na sy beeld geskep en God self is volmaak heilig. Niks en niemand moet enige twyfel hê oor hoe die Here is wanneer hy met die mens van God te doen kry nie. Daar was dus nie die geringste neiging in die mens om teen God op te tree nie. Die mens was ten volle daarop ingestel om God te dien, lief te hê en te prys.

***Maar die mens het homself en sy hele nageslag as gevolg van die aanhitsing van die duiwel en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof.*** As ware onderkoning moes die mens oor die slang geheers het, want hy het die ware geregtigheid gehad. As ware profeet het hy die ware kennis van God en God se wil gehad en gewet hoe hy God behoort te dien. Maar uit sy eie vrye wil het die mens besluit om na die blatante leuens van die duiwel te luister en daarvolgens te handel. In plaas daarvan om die ware kennis wat hy het aan te wend smyt hy dit eenkant, want die duiwel belowe dan 'n ander soort kennis – kennis wat hom blykbaar gelyk aan God sal maak deurdat hy alles sal kan ken, so asof daar iets meer en beter is om te ken as vir God en sy wil.

Daar is nie meer ware kennis, geregtigheid of heiligheid in die mens te vind nie. Dit is weg, want hy het dit weggegooi toe hy dit gehad het. En die sogenaamde kennis wat die duiwel aan die mens beloof het? Ja, daarvan het net mooi niks gekom nie. Kyk wat het die mens nou: blindheid, verskriklike duisternis, ydelheid en verdorwenheid van verstandelike oordeel, boosheid, rebellie en hardheid van wil en hart sowel as onsuiverheid van sy hele gesindheid.

Waar die mens voor die sondeval honderd persent daarop ingestel was om sy God lief te hê en te dien, is die mens na die sondeval honderd persent daarop ingestel om presies te doen wat die duiwel wil hê en dit is om geheel en al niks met God te doen te wil hê nie. Tussen goed en kwaad kan die mens nie meer onderskei nie, want hy verkeer in die verskriklikste duisternis. In sy verstand is hy so blind dat hy nie meer die genade van die Here kan raaksien nie. Toe Adam en Eva nog die geluid van die Here gehoor het, het hulle weg-

gevlug, want hulle het die Here gewantrou.

Die mens het geheel en al ydel geword. Wat hy ook al doen, doen hy vir homself. Vir die mens gaan dit in hierdie lewe net oor sy eie belange, sy eie eer en roem. Daarom kan en wil hy nie regverdig optree nie, want hy vrees dat hy homself te na sal kom. In sy verstandelike oordeel is die mens so sleg dat hy selfs iets wat reg is verkeerd kan noem en wat verkeerd is noem hy reg, solank hyself heelyd bevoordeel word. Die mens se hele gesindheid is onsuiver, want hy is dood in die sonde. Daar het nie 'n greintjie goed in die mens oorgebly nie.

Daarom is dit nie God wat kwansuis onbillik is teenoor die arme mense wat onbekwaam is nie. Wat God aan hom gegee het sodat hy in staat was om aan die eis van God te voldoen, het hy nie eers verkwansel nie. Hy het dit sommer weggesmyt. En nou wil hy pleit dat hy onbekwaam is. Met hierdie pad kom 'n mens nie by die genade uit nie. Met hierdie pad kom die mens slegs agter hoekom hy nie aanspraak het op die genade van die Here nie.

Uit hierdie maalkolk van boosheid kom geen mens uit nie. Die sonde wat hy gedink het vir hom 'n beter toekoms sou gee as wat die Here reeds aan hom gegee het, suig hom net al dieper en dieper in die doderyk in.

Dit is nie net sommige mense wat in hierdie donker maalkolk van die dood vasgevang is nie. So was ons almal, sê Paulus. Maar God is ryk in barmhartigheid. Hy het juis sulke afskuwelike mense lief. Hy het hulle so hartstogtelik lief dat sy Seun wat die volmaakte beeld van God is en volmaak die opdrag kan uitvoer Homself in hierdie duisternis kom begewe. Net Hy kan mense optrek uit hierdie bose maalkolk. Net die Heilige Gees kan blinde oë weer laat sien, dooie harte lewendig maak, en 'n wil wat al verder van God af neig omkeer sodat hy agter Jesus, die goeie herder, wil aangaan.

Hoe moet ons 'n billike en onbillike praktyk verstaan? Indien ek iemand huur om my gras te sny, kom ons ooreen dat ek honderd rand vir die drie uur se werk gaan betaal. Dit sal onbillik van my wees indien ek van hom verwag om die bome te snoei en die bossies uit te trek voordat ek hom die honderd rand betaal. Want nou het ek meer geëis as waarop ons ooreengekom het. Dit sal onbillik van my wees. En as die man net 'n uur lank gewerk het en net 'n derde van gras gesny het, sal ek onbillik teenoor myself wees as ek hom steeds die volle honderd rand betaal.

God is getrou teenoor die mens – Hy het nog nooit meer van die mens geëis nie. Hy eis nog altyd net dieselfde – liefde vir Hom en liefde vir ons naaste. God is getrou teenoor Homself – Hy kan nie minder eis nie.

Daarom wys die Heilige Gees nog 'n keer vir ons: Hierdie pad van onbekwaamheid is gesluit. En Hy dryf ons weer na Christus toe – die enigste weg na die Vader se genade.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 4-4:3, 4, 5 (4-4:3, 4, 5)

- 3 Maar die engel het geroep: / "Moenie skrik nie, moenie vrees,  
want ek boodskap vreugde wat / vir die hele volk sal wees."  
"Die Verlosser," juig sy stem, / "is gebore<sup>o</sup> in Betlehem."

- 4 “Hy, die Heer en Christus, lê / – dis die teken van die Kind –  
rustig in die voerkrip neer / en in doeke toegebind.”  
En toe klink ’n lofsang daar / van ’n ganse engelskaar:
- 5 “Eer aan God, die hoogste Heer!” / ruis dit uit ’n stemmese.  
“Vrede op aarde, vrede weer!” / En die donker nag ruis mee.  
“Welbehae, eind’loos groot, / in die mens, Gods gunsgenoot!”

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
23 Oktober 2016